**VRAAG 1** **53 punte**

**Ignoreer belasting op toegevoegde waarde (BTW)**

African Business Machines Bpk ('ABM') is 'n groep maatskappye wat voorlopers in die inligtingstegnologiemark is. Die groep vervaardig hoofraamrekenaars en rekenaarhardeware wat oor verskeie industrieë heen deur entiteite gebruik word vir grootskaalse dataverwerking, onderneminghulpbronbeplanning en die verwerking van transaksies. Daarbenewens verskaf die groep wolkberging (Eng.: 'cloud storage') en IT-sekuriteitsdienste aan entiteite. Die ABM-groep bestaan uit 'n moedermaatskappy, vyf filiaalmaatskappye en het ook 'n belegging in 'n ander maatskappy, genaamd i-Seva (Edms) Bpk ('i-Seva'). Alle entiteite in die groep, met inbegrip van i-Seva, se finansiële jare eindig op 31 Desember.

ABM het op 1 April 2014 35% van die uitgereikte aandele in i-Seva vir R18,35 miljoen kontant aangekoop, wat gelykstaande aan die billike waarde van hierdie 35%-aandeel van die netto batewaarde was. i-Seva se behoue-verdienstesaldo was op 1 April 2014 R16,5 miljoen en verklaarde kapitaal het R35,93 miljoen beloop. Op hierdie datum het ABM die belegging in i-Seva korrek as 'n belegging in 'n geassosieerde ingevolge IAS 28 *Investments in Associates and Joint Ventures* geklassifiseer.

Jy het onlangs as 'n GR(SA) gekwalifiseer en het 'n aanstelling vanaf 1 November 2019 as assistentrekenmeester by ABM aanvaar. Jy rapporteer aan mnr Dube Dale GR(SA), die finansiële direkteur.

Gedurende jou inleidende opleiding by ABM het jy beskrywings van alle verslagdoeningsprosesse in plek, met inbegrip van die onderstaande dokument, ontvang:

| **JAAREIND FINANSIËLE VERSLAGDOENINGSPROSES EN HANTERING VAN i-SEVA** |
|---|
| ABM gebruik 'n doelgemaakte rekeningkunde sagtewarepakket, Professional Accounting Systems ('PAS'), om die rekeningkundige funksie vir ABM, i-Seva en al ABM se filiale te bestuur.<br><br>Die voorbereiding van die finansiële jaarstate begin 15 dae na jaareinde, wanneer mnr Dale die proefbalanse van elke entiteit in die groep vanaf PAS na Excel intrek (Eng.: 'export'). Die 15-dagtydperk maak dit moontlik om enige finale joernaalinskrywings wat voor jaareinde verwerk is, goed te keur.<br><br>Mnr Dale stuur dan die proefbalanse per e-pos na AfsPack (Edms) Bpk ('AfsPack'). AfsPack is 'n eksterne diensverskaffer wat die proefbalans van elke entiteit vaslê in sagteware wat verslae voorberei, bekend as Reporter Software ('RS'). RS is sagteware wat finansiële state in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards (IFRSs) voorberei. Om dit te kan doen, is RS vooraf geprogrammeer met beskrywings van die individuele proefbalans lynitems. Elke proefbalans-lynitem word dan vir aanbieding- en openbaarmakingsdoeleindes as verskillende finansiëlestaat-lynitems geklassifiseer. Mnr Dale verskaf ook 'n skedule van alle intermaatskappyrekeninge wat met konsolidasie geëlimineer moet word. Hy hersien nie en verskaf ook nie riglyne oor die klassifikasie van proefbalans-lynitems as finansiëlestaat-lynitems nie.<br><br>Gedurende die RS-vasleggingsproses skep AfsPack twee proefbalanse vir elke entiteit. Die eerste is 'n presiese weergawe van die proefbalans wat deur mnr Dale verstrek is. Daar kan nie aan hierdie proefbalans verander word nadat dit deur AfsPack op die RS-program opgelaai is nie. Die tweede proefbalans word geskep om konsolidasie joernaal-inskrywings moontlik te maak en kan slegs deur AfsPack of mnr Dale verander word. RS is ook deur AfsPack geprogrammeer met die |

joernaalinskrywings wat verwerk moet word om alle intermaatskappytransaksies en -saldo's wat deur mnr Dale verstrek is, te elimineer. Sodra AfsPack die proses voltooi het, word 'n e-pos na mnr Dale gestuur om aan te dui dat die proses afgehandel is en dat aan die konsolidasieproefbalanse verander kan word.

Mnr Dale verkry dan intyds (Eng.: 'online') toegang tot die konsolidasieproefbalanse en verwerk die joernaalinskrywings tot die konsolidasieproefbalanse van elke entiteit met die hand. Dit is joernaalinskrywings wat verwerk word om alle pro forma konsolidasiejoernaalinskrywings te verantwoord en word in 'n konsolidasiewerksblad bereken.

***Hantering van i-Seva in RS***

Die RS-program is opdateer om voorsiening te maak vir die insluiting van 'n geassosieerde se proefbalans met die persentasiebesit in die geassosieerde, sodat die aantekening vir die geassosieerde outomaties gegenereer kan word. AfsPack het die proefbalans van i-Seva korrek in RS ingesluit.

Mnr Dale moet nog alle rekeningkundige joernaalinskrywings ten opsigte van die ekwiteitsmetode verwerk. Hy verantwoord die geassosieerde vanaf 'n Excel-sigblad wat hy met die hand voorberei wanneer hy die proefbalans vanaf die geassosieerde ontvang.

Wanneer alle met-die-hand-voorbereide joernaalinskrywings deur hom verwerk is, sluit mnr Dale die proses sodat dit nie meer verander kan word nie. RS tel dan outomaties die totale van alle proefbalanse bymekaar en berei gekonsolideerde finansiële state voor, gebaseer op 'n standaard ABM-templaat vir finansiële state. Geen onafhanklike nasiening van die konsolidasie word uitgevoer voordat die stelsel gesluit word en die finansiële state voorberei word nie.

ABM en AfsPack het streng algemene kontroles oor inligtingstegnologie.

Die onderstaande is 'n uittreksel uit RS van die ABM-groep se gekonsolideerde proefbalans en die individuele proefbalans ontvang vanaf i-Seva:

| **Uittreksels uit proefbalans soos op 31 Desember 2019** | **ABM-groep gekonsolideer*** | **i-Seva#** |
|---|---|---|
| | **R'000** | **R'000** |
| | **Dt/(Kt)** | **Dt/(Kt)** |
| Wins voor belasting | (453 000) | (3 880) |
| Inkomstebelastinguitgawe | 122 840 | 1 086 |
| Belegging in i-Seva teen kosprys | 18 350 | – |
| Rekenaartoerusting teen drabedrag | 650 000 | 18 500 |
| Voorraad | 178 500 | 800 |
| Behoue verdienste soos op 31 Desember 2018 | (1 580 000) | (23 450) |
| Uitgestelde-belastingaanspreeklikheid | (6 250) | (92) |
| Belasting betaalbaar | (10 150) | (760) |

* *Die gekonsolideerde proefbalans sluit al vyf filiaalmaatskappye, wat korrek gekonsolideer is, in. Geen joernaalinskrywings ten opsigte van die ekwiteitsmetode is egter verwerk om die belegging in i-Seva te verantwoord nie.*

\# *Kyk twee aangeleenthede wat nog opgelos moet word op bladsy 3. Die bedrae hierbo sluit enige aanpassings wat moontlik in verband met hierdie aangeleenthede gemaak moet word, uit.*

Jy het die volgende twee aangeleenthede wat nog aangespreek moet word, geïdentifiseer:

**Item 1: Rekenaartoerusting**

ABM het op 1 Januarie 2018 ŉ hoofraamrekenaar wat hulle vervaardig het, teen R14 miljoen aan i-Seva verkoop en dit geïnstalleer. Hierdie bedrag het installeringskoste van R1 miljoen ingesluit. i-Seva het die hoofraam op 2 Januarie 2018 in gebruik geneem. ABM het hierdie verkooptransaksie korrek in sy afsonderlike rekeningkundige rekords verantwoord en ŉ markverwante bruto wins van 25% op die transaksie gerealiseer.

i-Seva het die onderstaande joernaalinskrywing op 1 Januarie 2018 verwerk om die verkryging van die hoofraam te verantwoord:

| **JNL 321** | **Dt** | **Kt** |
|---|---|---|
| | **R'000** | **R'000** |
| Rekenaartoerusting – hoofraam (SvFP) | 13 000 | |
| Installeringskoste-uitgawe (SvWV) | 1 000 | |
| Bank (SvFP) | | 14 000 |
| *Kapitalisering van hoofraam vanaf ABM aangekoop, en installeringskoste as uitgawe hanteer* | | |

i-Seva ag dat die hoofraam ŉ nutsduur van vyf jaar sonder enige reswaarde het en het waardevermindering daarop op ŉ reguitlynbasis afgeskryf. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) laat slytasietoelaes op die hoofraam- en die installeringskoste op ŉ reguitlynbasis oor vyf jaar toe.

**Item 2: Belastingaftrekkings geëis**

Candice Keen, i-Seva se finansiële rekenmeester, het ŉ SAID-aangeleentheid na jou verwys. Terwyl jy die aftrekkings geëis in die belastingopgawes vir FJ2018 en FJ2019 met die berekening van lopende belasting vir FJ2019 vergelyk het, het jy vasgestel dat i-Seva die onderstaande bedrae geëis het en die saldo van die bedrag verskuldig aan die SAID ooreenkomstig verantwoord het:

| | **2018** | **2019** |
|---|---|---|
| | **R'000** | **R'000** |
| Aftrekkings geëis | | |
| Koste van hoofraam* | 13 000 | – |
| Installeringskoste* | 1 000 | – |
| Slytasie: Hoofraam en installering (R14 miljoen/5) | 2 800 | 2 800 |
| | | |
| Belastingbasis vir uitgesteldebelasting-berekening | 11 200 | 8 400 |

* Die aftrekking van die hoofraam- en installeringskoste is as a permanente verskil met betrekking tot uitgestelde belasting hanteer.

Nasiening van die belastingaanslag vir FJ2018, wat op 30 November 2019 deur i-Seva ontvang is, het getoon dat die SAID die aftrekkings vir die hoofraam- asook die installeringskoste ten bedrae van R14 miljoen wat in die belastingopgawe vir FJ2018 geëis is, afgekeur het.

**Bykomende inligting**

Die onderstaande inligting is van toepassing op alle entiteite in die groep, met inbegrip van i-Seva:

- Rekenaartoerusting word gemeet volgens die kostemodel ingevolge IAS 16 *Property, Plant and Equipment.*
- Beleggings in filiaal- en geassosieerde maatskappye word teen kosprys in die belegger se individuele finansiële state verantwoord.

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

| **VRAAG 1 – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Berei die aantekening vir die vorigejaar-fout in die individuele finansiële state van i-Seva vir FJ2019 voor. | 10 | |
| | Neem aan dat alle bedrae wesenlik is. | | |
| | *Kommunikasievaardighede – aanbieding* | *1* | 11 |
| (b) | (i) Berei die pro forma joernaalinskrywings volgens die ekwiteitsmetode voor om i-Seva in die groeps finansiële state van die ABM-groep vir FJ2019 te verantwoord. | 22 | |
| | (ii) Bied die saldo van die belegging in die geassosieerde in die staat van finansiële posisie van die ABM-groep vir FJ2019 aan. Ignoreer vergelykende syfers. | 3 | |
| | *Kommunikasievaardighede – aanbieding* | *1* | 26 |
| (c) | Bespreek die tekortkominge in die beheermaatreëls in die jaareind finansiële verslagdoeningproses wat in die scenario beskryf is. | 15 | |
| | *Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | *1* | 16 |
| **Totaal vir vraag 1** | | | **53** |


© SAIGR 2020